Verwysing: 20180620-3560
12/3/3/24
Navrae: Hoofde: Bestuur en Beheer

Inrigtingsbestuur- en Beheerbeplanningminuut: 0004/2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumkoördinering, Hoofde: Gespesialiseerde Leerder- en Onderwysondersteuning, Kringbestuurders, Verteenwoordigende Raad van Leerders-distrikskoördineerders en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Konferensie vir Vroulike Prinsipale in 2018

1. As deel van die viering van nasionale vrouemaand en die erkenning van leierskaprolle wat vroue in sy diens speel, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) vir die afgelope drie jaar met groot sukses 'n konferensie vir vroulike prinsipale aangebied.

2. Die inisiatief beklemtoon verder die vordering van gelyke indiensneming in senior posisies op beide skool- en kantoorvlakke van die onderwysstelsel, en word benadruk deur die bekendstelling van 'n kursus vir Vroue in en tot Leierskap en Bestuur (WILM) wat jaarliks by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) aangebied word.

3. Die Hoof van die Departement (HvD) het saamgestem dat die jaarlikse konferensie moet verseker dat die WKOD bykomende geleenthede vir ontwikkeling, sosiale bande en professionele ondersteuning vir vroue in leierskapposisie op skoolvlak bied.

4. 'n Ondersteuningsnetwerk is 'n forum van mense wat emosionele en praktiese bystand aan medelede van die netwerk bied, en wat 'n behoefte aan sodanige bystand en ondersteuning het. 'n Ondersteuningsnetwerk bied 'n veilige hawe aan sy lede. Die netwerk beoog om die professionele isolasie van vroulike skoolleierskap te verminder en selfs te beëindig.

5. Die 2015- en 2016-takke van die aangeleentheid met Old Mutual as vennoot was 'n groot sukses. Die konferensies was deurvleg met welstandsaktiwiteite wat deur Old Mutal geborg is, en hierdie jaar sal geen uitsondering wees nie.

6. Die konferensie sal die vorm van voltallige sittings en wegbreeksessies aanneem om dieper professionele en opvoedkundige gesprekke aan te moedig.

7. Die besonderhede van die konferensie is soos volg:

Datum:	**18 Augustus 2018**
Plek:	**Old Mutual-gebou, Jan Smutsrylaan, Pinelands**
Tyd:	**08:00 – 15:30**

8. Logistieke reëlings

8.1 Prinsipale wat graag die konferensie wil bywoon, moet **Deel A** van die aangehegte vorm invul, en dit **voor of op 08 Augustus 2018** aan **me. Avril Malgas** by **086 729 5347** faks. Die inligting word vroegtydig vereis om die logistieke reëlings vir die geleentheid te bepaal en te hanteer.

8.2 Prinsipale word versoek om, waar moontlik, saam te reis wanneer hulle die konferensie bywoon. Waar die afstand wat afgelê is 120 km in een rigting oorskry, sal prinsipale vir reiskoste vergoed word. Om reiskoste te eis, moet die aangehegte "Reis en Verblyf"-Z43-vorms aan die aangewese amptenaar/e by die konferensielokaal voorgelê word. Eise wat onvolledig of verkeerd ingevul word, sal nie verwerk word nie.

8.3 Waar die prinsipale se reiskoste deur die skool befonds word, moet die eis in die naam van die skool gemaak word. Dit beteken dat die geld wat geëis word in die skool se rekening betaal sal word.

8.4 Verblyf sal slegs aan prinsipale wat verder as 200 km in een rigting moet reis, voorsien word. Prinsipale wat verblyf benodig, moet **Deel B** van die aangehegte vorm invul. Hierdie inligting word vroegtydig aangevra om te verseker dat verblyf betyds verkry kan word. Hierdie **versoeke om verblyf moet op of voor 08 Augustus 2018 ontvang, en aan me. Avril Malgas by 086 729 5347 gefaks word.** Elke afgevaardigde wie se versoek om verblyf goedgekeur is, sal 'n e-pos ontvang om verblyf te bevestig.

8.5 By skole waar die prinsipaal manlik is, mag die naam van die adjunkprinsipaal, wat 'n vrou is, vir die konferensie geregistreer word. In kleiner skole sal die persoon wat tweede in beheer staan, toegelaat word om deel te neem, mits die persoon vroulik is.

8.6 Indien u enige verdere navrae het, kontak **me. Avril Malgas** by tel. nr. **021 467 2611**.

9. Prinsipale word versoek om te verseker dat die inhoud van hierdie minuut aan alle personeel en belangstellende partye in die skool oorgedra word.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-07-06

Western Cape Government
Education

Directorate: Institutional Management
and Governance Planning

Annexure A

Reply slip

Female Principal Conference 2018

VENUE: Old Mutual Building, Jan Smuts Drive, Pinelands
Saturday, 18 August 2018, 08:00–15:00

1. Will you be able to attend the Female Principal Support Network 2018? **Yes** ☐ **No** ☐
2. Full names and surname: .....
3. Position: .....
4. Name of school: .....
5. Name of district: .....
6. Telephone number: .....
7. Email address:.....
8. Please specify dietary requirements, if any: .....
9. Do you have special needs/disability? If yes, please specify: .....

   .....
10. In case of disability, do you require assistance? If yes, please specify: .....

    .....

Please return the RSVP form **on or before 08 August 2018** by fax to 086 729 5347 or by email to avril.malgas@westerncape.gov.za.

Lower Parliament Street, Cape Town, 8001
Tel: +27 21 467 2611 Fax: 086 729 5347
Safe Schools: 0800 45 46 47

Private Bag X9114, Cape Town, 8000
Employment and salary enquiries: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Reply slip for accommodation

Female Principal Conference 2018

VENUE: Old Mutual Building, Jan Smuts Drive, Pinelands
Saturday, 18 August 2018, 08:00–15:00

1. Will you be able to attend the Female Principals Conference 2018? **Yes** ☐ **No** ☐

2. Full names and surname of principal: ……

3. Full names and surname of chairperson of governing body: ……

4. Full names and surname of treasurer: ……

5. Name of the school: ……..……

6. Name of district: ……

7. Telephone number: ……

8. Email address: ……..

9. Please specify dietary requirements, if any: ……..……..……..

10. Do you have special needs/disability? Please specify: ……

11. In case of disability, do you require assistance? ……..……

Please return the RSVP form **on or before 08 August 2018 by** fax to **086 729 5347** or by email to avril.malgas@westerncape.gov.za.